




Hoërskool Marais Viljoen

Marais Viljoen High School



P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/clo Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643' E28°07.972'
(T): 011 907 9013/4 (F): 011 9071038

15 Mei 2020

I/S: HOËRSKOOL MARAIS VILJOEN COVID19 AKSIEPLAN

Liewe ouers, leerders, personeel en ons Marais Viljoengemeenskap. Ons is tans in 'n baie onbekende en uitdagende tyd van onsekerheid, en ons het almal baie vrae en bekommernis wanneer die gedagte opkom dat die terugkeer na skool binnekort 'n werklikheid kan word. Alhoewel ons nie presies weet wat die dag van môre vir ons inhou nie, kan ek u gerusstel deur te noem dat almal van ons hier by Marais Viljoen julle almal se gesondheids- veiligheids- en opvoedkundige belange op die hart dra.

Ons het uiteindelik gekom by die hervatting van die 2020 skooljaar . Dit is 'n feit dat dinge nooit weer dieselfde gaan wees nie, totdat ons 'n vaksien en/of behandeling kry en ons sal SARS COV2, oftewel, die Coronavirus met respek moet behandel, maar let wel, ons hoef hom nie te vrees nie.

Terwyl ons in spanning wag vir die finale besluit deur die President van ons land oor die spesifieke datums waarop seniorbestuur van skole, onderwysers en daarna ons leerders met infasering mag terugkeer skool toe, wil ons u waarborg dat lede van ons skool se veiligheidskomitee, ons beheerliggaam en seniorbestuur om die beurt hard aan die werk was gedurende die inperkingsperiode, om deeglik navorsing te doen oor die beste veiligheids- en sanitasiepraktyke wat die beste gaan werk in ons skool.

Intussen is 'n deeglike Covid19 beleid opgestel en ons is tans besig om aksieplanne in plek te kry wat gekoppel is aan ons Covid19-beleid. Sodra ons die finale instruksies en riglyne van die Nasionale Departement van Basiese Onderwys ontvang, sal ons dit in ons Covid19 -beleid opneem en nadat die beheerliggaam dit bekragtig het en die Gauteng se Departement van Onderwys dit goedgekeur het, sal ons dit aan u bekend maak.

Op hierdie stadium wil ons graag solank van ons eie aksieplanne met u deel om u gerus te stel oor wat moontlik verwag kan word met die terugkeer na skool vir ons onderwysers en leerders. Ons wil ook die belangrikheid en rol van u as ouers in hierdie verhouding beklemtoon en u betrokkenheid aanmoedig.

Ons deel graag die volgende aksieplan met u. Neem asseblief kennis dat dit nog onderhewig is aan verandering, wanneer daar verbeteringe aan stelsels aangebring kan word om die verspreiding van Covid19 by die skool te beperk en soos nuwe inligting en regulasies beskikbaar gestel word. Die skool is huidiglik nie net 100% virusvry nie, maar ook 100% bakterie- en fungusvry , nadat die DBO se vereiste diep reinigingsprosesse al gedurende die afgelope twee weke toegepas is. Die uitdaging, is nou om die skool virusvry te hou . Al hoe dit bereik gaan word, is deur samewerking van al die betrokke partye, naamlik ons ouers, leerders en onderwysers.

OUERS: Leer u kind oor die virus . Gebruik die wêreld outoriteite (Centre for Disease Control en Wereld gesondheidsorganisasie) en nie sosiale media nie . Alhoewel die WGO dalk nie alles reg gedoen het nie, vertrou ons dat hulle die voorlopers in navorsing oor covid 19 bly.

Leer u kind oor al die persoonlike higiëne prosedures wat ons nou al tot vervelens toe van hoor .
BEKLEMTOOM DIE BELANGRIKHEID DAARVAN.

As u kind siek is, mag hy/sy nie skool toe kom nie. Daar sal met elke graad se infasering en toelating tot die skool, inligting en opleiding aan hulle gegee word. Hierdie inligting en opleiding, wat van kardinale belang is, sal deur ons eie mediese kenner, beheerliggaamslid en ouer, Dokter Gert-Jan van Zyl behartig word.

Die skool wil hierdeur poog om elke onderwyser, werker en leerder met die korrekte metodes en riglyne te bemagtig om die algemene hantering van PPE (personal protective equipment), soos maskers en die sanitasie van hande en oppervlaktes reg toe te pas tot voordeel van almal in die skool.

LEERDERS, BESKOU JOUSELF, EN ALMAL OM JOU EN AL DIE OPPERVLAKTES OM JOU AS GEÏNFEKTEERD. MOET AAN NIKS OF NIEMAND VAT AS JY NIE MOET NIE.

Onthou, julle as tieners is sover tot 'n groot mate weerstandig teen die virus en sy nagevolge en kan asimptomaties wees, maar julle kan die ouer mense, julle ouers EN die onderwysers, aansteek en hulle is nie so weerstandig nie. Elke kind behoort die volgende PPE (personal protective equipment) aan hom/haar te hê. Dit sluit in:

MASKER: (voldoende effektiwiteit en hergebruik). Maskerhantering/ hergebruik sal by die skool aan leerders deurgegee word . Maskers sal die eerste dag van skool aan leerders voorsien word. Jy moet egter met jou eie masker skool toe kom.

HANDSANITEERDER: Ahoewel handsanitering by elke klas toegedien sal word, is dit nodig om dit oral en die hele tyd te doen. Ons beveel daarom ook ons leerders aan om hulle eie handsaniteerder saam te bring vir eie gebruik soos die behoefte ontstaan.

SOSIALE DISTANSIEËRING: Dit sal streng deur die skool toegepas en afgedwing word. Die skool sal plekke identifiseer waar daar die nodige inligtingsplakkate sal verskyn om die belangrikheid van sosiale distansieëring te beklemtoon en daar sal ook merkers op vloere en gange aangebring word wat die veilige afstand tussen individue aandui. Ons bestuur werk hard aan die beplanning van hoe sosiale distansieëring in klasse toegepas gaan word en sal dit in 'n volgende skrywe met u deel.

DIE LEERDERS IS VERANTWOORDELIK VIR HULLE EIE WELSTAND. Die onderwysers kan nie 1 400 leerders aanmekaar herinner om 2 m van mekaar af te bly nie. Daarom sal die skool nie skroom om enige leerder wat nie aan die nuwe Covid19-skoolreëls gehoorsaam is, huis toe te stuur nie. Ons glo dat die DBO/ DVG enige skool wat 'n infeksiepoel word, sal sluit.

SIFTING: Al die leerders sal gesif (gescreen) word VOOR hulle die skool ingaan en sal huis toe gestuur word as hulle koors bokant 37.5° het of enige ander simptome toon. Alhoewel die toegang tot die skool amptelik vanaf 06:30 sal geskied, sal u kind vroeër as gewoonlik moet skool toe kom om genoegsame tyd te verleen om al die kinders te sif. As kind nie die sifting " slaag" nie, mag hy/sy nie die skoolterrein ingaan nie. Dit word dan aanbeveel dat u u kind vir behandeling na u eie dokter toe neem, of om die WGO se protokol te volg. Onthou dat baie tieners GEEN simptome toon nie, maar nog steeds aansteeklik kan wees. DIT bly die grootste probleem in die virusbeperkings.

Voorlopig beoog die skool ook om die perseel 30 minute na die laaste klas of aktiwiteit op die gronde voltooi is, te sluit. Ouers gaan aangemoedig word om die nodige vervoerreëlings in plek te kry sodat leerders nie op die skoolgronde rondstaan en wag om huis toe te gaan of in die straat voor die skool saamdrom wanneer die skool gesluit word nie.

Ons het 'n sanitasie tunnel geïnstalleer, waardeur die leerders, werkers en personeel elke oggend sal loop nadat hulle deur die skoolhekke is en voordat hulle die geboue binnegaan. Daar word hulle met waterstofperoksied besproei wat heeltemal veilig is, maar die virus doeltreffend dood.

SNOEPIE: Wanneer dit veilig is om die snoepwinkel oop te maak, sal dit streng volgens Covid 19 gesondheids- en veiligheidsregulasies bedryf word. Pouse sal soos voorgeskryf, per graad geallokeer word en ekstra personeel sal help om die rye te monitor sodat sosiale distansieëring ten alle tye toegepas word.

MARAIS VILJOEN se Beheerliggaam, Skoolbestuur, Onderwysers, Werkers en leerders sal saamstaan en poog om almal by die skool en by die huis gesond en veilig te hou.

SAAM 100% MARAIS VILJOEN.

As u enige vrae het oor enige van die maatreëls of mediese/covid19 verwante navrae., kontak gerus die skool se Veiligheidskomitee per e-pos by paule@maraisviljoen.co.za. Die nodige kenners soos Dr. van Zyl is op bystand om die skool hiermee te ondersteun.

Marais Viljoengroete


MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF